## 23 September Johannes 4:7-21 (Ps. 11:7)

### *God se liefde*

Psalm 11 eindig met die heerlike hoop van die geloof. Die lot van die goddelose is aangekondig (vers 6). Vir mense wat in geloof en gehoorsaamheid volgens Gods Woord lewe, is die uiteinde anders. Vir die sonde moet die mens gestraf word. Maar in Jesus het God 'n Verlosser geskenk wat die straf van die sonde gedra het. Jesus het op Golgota die sondeskuld betaal. Elkeen wat in Jesus glo, het die verlossing. God oordeel regverdig. As jy in jou lewe die Woord van God verwerp en dit nie vasgryp nie, is daar geen verlossing nie. Indien jy egter op die Woord van God antwoord met geloof en bekering, is jy salig. Die vriende van Dawid gee hom raad om te vlug en vir sy vyande te gaan wegkruip. Maar Dawid wil nie. Hy sê: "Ek skuil by die Here". In vers 7 bevestig God die standvastigheid van sy kind. As jy nie kleingelowig is om jou hulp en veiligheid op 'n ander plek te gaan soek nie, anders as by die Here nie, is die Here by jou. Psalm 11 roep die mens op om gelowig die daaglikse lewenspad te stap. In die lig van die Woord van die Here sal jy sien waarheen jy moet gaan. Dan sal die Here jou bewaar. Hy sal jou beskerm. Hy sal die wag oor jou hou. Die Here omhels elkeen wat op hierdie wyse by Hom skuiling en veiligheid soek.

Sing: Skrifberyming 33:1, 2, 3 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)